higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GASVRYHEIDSDIENSTE
NKR VLAK 2

(11011032)

22 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n … kan as 'n promosie-item vir 'n restourant gebruik word.

A Tafeldoek
B Polistireen koppie
C Silwer skinkbord
D Swartbord

1.2 Skottelgoedwasmasjiene moet skoon, onbeskadig en gereed gehou word vir gebruik sodat …

A hulle maklik geberg kan word.
B kieme nie na breekgoed en messegoed versprei nie.
C hulle maklik ingepak kan word.
D hulle stadig onklaar raak.

1.3 'n … word gebruik om die binnekant van die toiletbak skoon te maak.

A Waslap
B Organiese spons
C Katoenlap
D Toiletborsel

1.4 … word gebruik om halsstarrige vuiligheid of vlekke skoon te maak en muf te verwyder.

A Lappe
B Stowwers
C Handskoene
D Spieëlreiniger

1.5 Gebruik 'n swaardiens … om swaar opbou van vuilgoed, vlekke en merke vir lae- en hoë-spoed harde vloere skoon te maak.

A afstroopmiddel
B skoonmaaklap
C spons
D vetverwyderaar

1.6 Om seker te maak dat messegoed en breekgoed perfek blink, moet 'n … lap gebruik word.

A nat
B katoen ('lint free')
C kombuis
D harde

1.7 … is deel van voorbereiding vóór diens.

A Restourant menu
B Eerste in Eerste Uit
C Mise en place
D Om kos gaar te maak

1.8 Waarvoor staan OHS Act?

A Occupational Health and Safety Act
B Occupational Health Standards Act
C South African Occupational Act
D Overall High Standards Act

1.9 As die skoonmaker 'n gebreek teël by ontvangs sien, moet hy/sy …

A dit tot die volgende dag ignoreer.
B die skade aan die toesighouer rapporteer.
C vir die kliënte sê om dit te verwyder.
D probeer om dit self te herstel.

1.10 'n Spreker by 'n seminaar sal die … vir sy aantekeninge tydens sy toespraak gebruik.

A kateder
B notaboekie
C lêer
D trollie

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Ontsmetmiddel moet gebruik word om 'n spieël in 'n hotel se hysbak skoon te maak.

2.2 As 'n kamerbediende nie genoeg huishoudelike voorraad het nie, moet hy/sy die gas inlig.

2.3 Dit is die beste om glase te laat drup droog.

2.4 Breekgoed moet afgespoel word voordat dit in die skottelgoedwasmasjien gesit word om skoongemaak en ontsmet te word.

2.5 Breekgoed moet geberg word in hopies van ongeveer 40.

2.6 Breekgoed met klein kepies of krakies kan nog steeds tydens diens gebruik word.

2.7 Warmdienstoonbanke moet vroeg genoeg aangeskakel word om genoeg tyd toe te laat dat dit tot die korrekte temperatuur verhit om warm kos uit te stal.

2.8 Skoon gereedskap moet nooit op die vloer neergesit word nie om kontaminasie te vermy.

2.9 'n Kelner se vriend bestaan uit 'n kurktrekker, botteloopmaker en mes om wyn- en bierbottels oop te maak.

2.10 Plekmatjies word onder drankies op 'n toonbank of 'n tafel gesit.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Kies 'n item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Hoë-spoed harde-vloer polering	A	swaardiens-vetverwyderaar
3.1.2	Verwydering van opbou van swaar vuiligheid, vlekke en merke; word gebruik om lae- en hoë-spoed harde vloer skoon te maak	B	poleerbare vloer-emulsie
3.1.3	Algemene skoonmaakmiddel vir alle harde oppervlakke en toerusting vir die verwydering van top lae harde-vloer afwerkings waarin grond vassit	C	hoë-vastestof inhoud seëlaar
3.1.4	Dit help om die droë-vloer oppervlakke in stand te hou en verhoed dat vuilgoed daarop vassit	D	veeldoelige of neutrale skoonmaakmiddel
3.1.5	Verwyder alle grond wat nie deur normale stofsuig verwyder is nie; warmwater-ekstraksie of droë poeier kan gebruik word om sagte vloerbedekkings diep te reinig	E	kol- en vlekverwyderaar
		F	afstroper

(5 × 1) (5)

3.2 Kies 'n skoonmaakmiddel (chemikalieë) uit KOLOM A wat pas by die gebruik in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.2.1-3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	Word gebruik om die meeste oppervlakke skoon te maak	A	alkaliese reiniger
3.2.2	Word gebruik om emalje en keramiek skoon te maak	B	skuurskoonmaak-middels
3.2.3	Word gebruik om toilette skoon te maak en kalkneerslag te verwyder	C	lugverfrisser
3.2.4	Word gebruik om 'n aangename geur aan 'n vertrek te gee	D	suur reiniger
3.2.5	Word gebruik vir gespesialiseerde take soos om politoer af te stroop	E	neutrale reiniger
		F	ontsmetmiddels

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Beskryf die volgende terme in jou eie woorde:

4.1 Buffet

4.2 Table d' hôte

4.3 Dataprojektors

4.4 Blaaiborde

4.5 Slaaikas

4.6 Roterende borselskoonmaker

4.7 Gastegeriewe

4.8 Draairooster

4.9 Stofsuiers

4.10 Telkaart

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5



5.1 Identifiseer die masjien in die illustrasie hierbo. (2)

5.2 Definieer die term *verfris ('refresh')* in terme van 'n funksiekamer. (2)

5.3 Noem VIER tipes omgewingsbeheer wat vir funksies gebruik word. (4)

5.4 Beskryf hoe die volgende situasies hanteer moet word:

5.4.1 Vasgeslane of stukkende masjiene (3)

5.4.2 Onvoldoende voorraad of bestanddele (3)

5.5 Bespreek die gevolge van die impak van vertraging met kos of tyd op kosgehalte en kliëntediens. (5)

5.6 Noem SES tipes masjiene en/of voedseldienstoerusting wat in 'n restourant gebruik word. (6)

[25]

VRAAG 6

6.1 Identifiseer AGT van die skoonmaakmateriale en -toerusting uit die illustrasie hier onder wat geskik is om 'n gastebadkamer skoon te maak.



(8)

6.2 Terwyl 'n huishoudingsassistent 'n hysbak in 'n hotel skoonmaak, vra 'n kliënt hom/haar oor 'n diens in die hotel.

Hoe moet die huishoudingsassistent teenoor die kliënt optree? (4)

6.3 Verskaf die prosedure om 'n openbare telefoon skoon te maak. (4)

6.4 Verduidelik kortliks DRIE geskikte prosedures vir kosuitstalling tydens toonbankdiens. (3 × 2) (6)

6.5 Beskryf aan 'n kamerbediende hoe hy/sy kan seker maak dat oorskietkos wat uit 'n gas se slaapkamer kom higiënies weggedoen kan word. (3)

[25]

VRAAG 7

7.1 Bestudeer die foto's hieronder en beantwoord die vrae.

A



B



C.



Watter EEN van die drie tafelgereiplasings wat hierbo uitgebeeld word, verteenwoordig die volgende? Skryf die korrekte antwoord (A, B of C) langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.1.1 'n Á la carte tafelgereiplasing. (1)

7.1.2 'n Table d'hôte tafelgereiplasing. (1)

7.1.3 Identifiseer TWEE tipes messe wat vir 'n hoofgereg gedek moet word. (2)

7.1.4 Definieer die term *gedekte plek ('cover').* (2)

7.2 Bespreek die gepaste manier om die telefoon te beantwoord. Verwys spesifiek na hoe jy jou stem sal gebruik en hoe jy die inbeller sal aanspreek. (5)

7.3 Noem VIER basiese maniere waarop 'n kamer opgestel kan word wat oorweeg kan word vir groot funksies, soos konferensies, seminare of troufunksies vir meer as 30 gaste. (4)

7.4 Noem VIER tipes beddens wat geskik en gemaklik sal wees vir 'n volwasse gas. (4)

7.5 7.5.1 Hoe word 'n skakelbord bedryf? (3)

7.5.2 Identifiseer DRIE bronne om 'n telefoonnommer te verkry. (3)
[25]

VRAAG 8

8.1 Beskryf VYF maniere waarop jy skoon linne na die stoorarea kan vervoer. (5)

8.2 Bespreek VIER redes waarom afval- en vuil water korrek weggedoen moet word. (4 × 2) (8)

8.3 8.3.1 Verskaf VIER kwaliteitsmaatreëls wat uitgevoer moet word wanneer skoon linne ontvang word. (4)

8.3.2 Gee VIER goeie wenke hoe om skoon linne doeltreffend te berg. (4)

8.4 Beskryf VIER boodskapneemvaardighede wat jy sal beoefen wanneer jy 'n telefoonboodskap moet neem. (4)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou